# KINDERKERK: Gebedsgeleentheid

**Doel van les:**

- Hierdie week gaan kinders deur gebedsstasies beweeg met spesifieke temas om voor te bid.

**Stasie 1: Bou jou gebed:** Sit 'n paar houertjies met prentjies neer. Gee kinders kans om deur die prentjies te gaan en die prentjies te kies waaroor hulle wil bid. Hulle kan dan die prentjies voor hulle sit en bid oor wat hulle gekies het. (Jy kan prentjies van huisies, kos, ouers, skool ens gebruik.)

**Stasie 2: Dankbaarheid:** Sit 'n lang stuk ongedrukte koerantpapier neer met koukies of gems. Kinders kan nou 'n tekening maak op die papier oor iets waarvoor hulle dankbaar is en dan daaroor bid.

**Stasie 3: Genesings muur:** Sit 'n houer neer met koukies en pleisters. Laat die kinders dink aan iemand wat siek is en elkeen vat dan 'n pleister en skryf die persoon se naam aan wie hulle gedink het op die pleister. Hulle plak dan die pleister op 'n stuk papier wat teen die muur opgeplak is en bid vir daardie persoon. (Tannies en ooms moet asseblief die kleintjies help wat nog nie lekker kan skryf nie.)

**Stasie 4: Bid vir jou kerk:** Sit 'n boks met lego neer. Laat die groepie saam vinnig 'n kerk bou en dan bid hulle vir ons kerk. (Kan bv bid vir leiers van kerk, mense wat verlore is om terug te kom kerk toe, vir almal wat by kerk werk bv. Sondagskool tannies en ooms, jeug groepleiers ens.)

**Stasie 5: Sonde belydenis:** Teken 'n groot kruis op stuk ongedrukte koerantpapier. Sit 'n houer neer met swart hartjies en 'n houer met wit hartjies. Elke kind moet 'n swart hartjie neem en dan vir Jesus dankie sê dat Hy vir ons sondes gesterf het aan die kruis. Hulle kan nou hulle swart hartjie teen die kruis plak en 'n wit hartjie huistoe neem.

Wanneer die groepe deur elke stasie beweeg het, kan hulle afsluit met gebed.